# WAARHEEN GAAN EK VIR MY MEDIESE KEURINGSONDERSOEK VIR VLUGTELINGE?

Jou saakbestuurder sal jou help om 'n afspraak vir jou **mediese keuringsondersoek vir vlugtelinge** te maak. Hulle sal jou sê na watter kliniek jy moet gaan.
Hier is 'n lys van gekontrakteerde **gesondheidsorgklinieke vir** mediese keuringsondersoeke vir vlugtelinge:

## GESONDHEIDSORGKLINIEKE

**CENTRAL DISTRICT HEALTH DEPARTMENT**
1137 SOUTH LOCUST STREET
GRAND ISLAND, NE 68801
308-385-5175

**CHI HEALTH CLINIC – UNIVERSITY CAMPUS**
2412 CUMING ST. STE. 200,
OMAHA, NE 68131, 402-717-0380

**LINCOLN LANCASTER COUNTY HEALTH DEPARTMENT**
3131 O STREET, LINCOLN, NE 68510, 402-441-8065

**SIOUXLAND COMMUNITY HEALTH CENTER**
1021 Nebraska Street
Sioux City, IA 51105, 402-898-1349

## AGENTSKAPPE VIR HERVESTIGING

**CATHOLIC SOCIAL SERVICES OF SOUTHERN NEBRASKA**
2241 O STREET, LINCOLN NE 68510, 402-474-1600

**CENTER FOR IMMIGRANT AND REFUGEE ADVANCEMENT (OMAHA AND LINCOLN)**
4223 CENTER STREET OMAHA, NE 68105
121 SOUTH 13th STREET LINCOLN, NE 68508
402-898-1349

**INTERNATIONAL COUNCIL FOR REFUGEES AND IMMIGRANTS**
7315 MAPLE ST., OMAHA NE 68134, 402-949-3470

**LUTHERAN FAMILY SERVICES**
**LINCON-GRAND ISLAND-LEXINGTON AREAS**
2301 O STREET, LINCOLN NE 68510
402-441-7940

**LUTHERAN FAMILY SERVICES - OMAHA**
7929 W CENTER RD OMAHA, NE 68124
402-342-7038

## HOEVEEL KOS DIT?

Geen koste vir die **ondersoek** vir kwalifiserende groepe van nuwe aankomelinge in Nebraska nie.

## HOE LANK DUUR DIE AFSPRAAK?

**1 - 4 ure:** vir ouers en kinders

## ONTHOU

Vir die beste ervaring by die **ondersoek:**

- **Voltooi** alle toetse
- Gaan na **alle** afsprake
- Daag **betyds op**
- Neem jou kind se **ondersoekdokument** na die skool

NEBRASKA
Good Life. Great Mission.

**State Refugee Coordinator:**
402-480-8394

**State Refugee Health Coordinator:**
402-480-0373

Nebraska se

# MEDIESE KEURING VIR VLUGTELINGE – ONDERSOEK:

'n Gids

## WAT IS DIE MEDIESE KEURINGSONDERSOEK??

**STAP 1** in die VSA vir jou goeie gesondheid

Moet dit binne **90 dae** na jou aankoms ondergaan.

- Alle vlugtelinge moet dié ondersoek ondergaan
- 1-3 afsprake by 'n mediese kliniek
- Ondersoek van jou hele liggaam deur 'n dokter
- Dokter sal jou mediese verslae lees
- Toets vir infeksies
- Inentings benodig vir Groen Kaart
- Vra vir 'n tolk – dit is jou reg.

EA-PAM-221 4/2025

## EK HET DIE DOKTER BESOEK VOORDAT EK NA DIE VSA GEKOM HET. HOEKOM MOET EK WEER DIE DOKTER BESOEK?

Die dokter se ondersoek voordat jy na die VSA gekom het, was vir goedkeuring van jou aansoek om ’n **VSA-visa.**
Noudat jy in die VSA is, moet jy ’n **mediese keuringsondersoek vir vlugtelinge** ondergaan om by ’n primêre sorgverskaffer (PSV) te begin. Die **PSV** sal jou help om gesond te bly en jou suksesvol in Nebraska te vestig.

## WAT IS ’N PRIMÊRE SORGVERSKAFFER (PSV)?

Jou primêre sorgverskaffer (PSV) is ’n dokter by die **mediese kliniek** waarheen jy gaan wanneer jy **siek** is, inentings moet kry of ’n probleem met jou liggaam of **gees** het.

## HOE BEREI EK MY OP DIE ONDERSOEK VOOR?

- Neem alle gesinslede se dokumente vir identiteit en mediese inligting saam. *Voorbeelde is ’n I94, paspoort, mediese verslae, inligting oor inentings en Medicaidkaarte.*
- Neem ’n **lys** saam van medikasie, tee, kruie en vitamiene wat jou gesin gebruik.
- Neem ’n lys saam van allergieë, gesondheidsprobleme en enige vrae wat jy vir jou PSV het.
- Neem water, kos, doeke, boeke saam vir kinders.
- Wees **15 minute** voor jou afspraak daar.
- Neem ’n lys saam van elke gesinslid se volle naam, geboortedatum en adres.
- Jy kan kies of die dokter ’n man of ’n vrou, moet wees– sê dit vir jou saakbestuurder.
- Drink baie water voordat jy gaan.

## EK KAN NIE GAAN NIE – WAT MOET EK DOEN?

Bel jou saakbestuurder.



## WAT DOEN EK WANNEER EK BY DIE MEDIESE KLINIEK AANKOM?

1. Gaan na die **ontvangstoonbank**, sê vir die personeel wat jou **naam** is.
2. Sit in die **wagkamer**. Vra die personeel as jy **toilet** toe moet gaan. *<u>Moenie weggaan tensy dit ’n noodgeval</u>* is nie.
3. Wanneer die verpleegster jou naam **uitroep**, neem jou gesin na die **ondersoekkamer**.
4. Die **PSV** sal jou liggaam ondersoek.
5. Die PSV sal vrae oor jou gevoelens en liggaam vra.
6. Die PSV sal **jou bloed trek** tydens die **ondersoek**.



## WAT IS MY REGTE TYDENS DIE ONDERSOEK?

- Jy kan vra vir ’n gedrukte **kopie** van jou **mediese keuringsondersoek vir vlugtelinge.**
- Elke gesinslid het die reg op **billike** professionele sorg en diens.
- Toegang tot **GRATIS** tolkdienste.
- ’n Manlike of vroulike dokter indien moontlik.
- ’n **Vriend** wat saamgaan.
- **Privaatheid:** Jou privaatheid word deur die VSA se wette (HIPAA) beskerm. Al jou persoonlike en gesondheidsinligting sal privaat en vertroulik bly.

## WAT HET MY KINDERS NODIG?

In die VSA moet elke kind ’n doktersondersoek ondergaan en inentings kry **voordat** hulle skool toe gaan.

Die PSV sal jou ’n **dokument** oor jou kind se voltooide ondersoek gee. Gee dié dokument vir die **skool**.

